

### 14.3 RAPPORT 3: DEPUTATE BYBEL – BYBELVERSPREIDING

#### 1. Opdrag

(Acta 2009:98, 5.1.2.1 en 5.1.2.2)

- 1.1 Hou fondsinsameling vir Bybelverspreiding en skakeling met die Bybelgenootskap van Suid-Afrika in stand.
- 1.2 Voorsien die kerke jaarliks van die riglyn vir bydraes tov Bybelverspreiding.

#### 2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

- 2.1 Bydraes deur gemeentes en individue van die GKSA:  
Ingesluit die syfers vir 2012 en 2013 en gedeelte van 2014. (Volledige syfers vir 2014 sal by die Aanvullende Rapport gesien kan word.)

	<b>2014</b> <b>**Jan tot Jun</b>	<b>2013</b> <b>Jan tot Des</b>	<b>2012</b> <b>Jan tot Des</b>
Wes-Kaap	107 961.31	198 314.73	148 024.72
KZN Suid	5 737.70	24 570.00	19 701.84
KAS	518 312.63	1 488 001.05	1 293 432.19
Bfn & Noord-Kaap	46 069.90	188 730.35	172 742.42
Oos-Kaap	54 835.90	75 227.95	41 670.05
KZN Noord	1 127.00	7 829.00	4 755.00
<b>TOTAAL</b>	<b>R734 044.44</b>	<b>R1 982 673.08</b>	<b>R1 680 326.22</b>

- 2.2 Br Hennie Dekker is steeds die Skakeldeputaat vir die GKSA en voltyds in diens van die Bybelgenootskap. Hy besoek steeds gemeentes dwarsoor die land op rotasie basis en probeer hulle in Klassisverband besoek. Hy moedig gemeentes aan om die *Borg 'n Bybel*-projek te implementeer om so fondse vir Bybelverspreiding in te samel en gee terugvoer oor die werksaamhede van die BSA. Br Dekker bedank gemeentes vir die hartlike ontvangs tydens sy besoeke.
- 2.3 Die *BORG 'n BYBEL*-Projek is nou die basis vir fondsinsamelings en daar word baie tyd spandeer om gemeentes te help met die instelling daarvan. Gemeentes en Kerkrade werk baie goed saam in die verband maar daar is steeds meer as 80% van gemeentes wat nog nie die projek gebruik by insameling van bydraes vir Bybelverspreiding nie. **Dit is egter verblydend om te sien dat daar in die eerste jaar ná die instelling van dié projek, die bydraes gestyg het met 18% ná die 2012 se 15% daling in inkomste.**
- 2.4 Die jaarlikse riglyn waarna daar dus in die spesifieke opdrag verwys word (1.2), word dus jaarliks outomaties gekoppel aan die kosprys van die Standaard Bybel.
- 2.5 Aangesien br Dekker voltyds by die BSA is, is het hy die geleentheid om betrokke te wees by alle interne sake waar hy as verteenwoordiger vir die GKSA 'n invloed kan uitoefen en die standpunt van die GKSA kan stel.
- 2.6 Die *Bybel op selfoon* speel steeds 'n belangrike rol in die verspreiding van die Bybel en word gemeentes (veral die Jeug) steeds aangemoedig om die Bybel af te laai en te gebruik.
- 2.7 Die Bybelgenootskap stel heelwat hulpmiddels beskikbaar wat ideaal gebruik kan word by gemeentes se **OMKEERSTRATEGIEË** bv:
  - 2.7.1 Die “Essensiële 100 Bybelleesplan” waarin die Bybel in 'n voëlvlug gelyktydig deurgelees word deur die hele gemeente

- 2.7.2 Die Geletterdheidsprojek dmv die boekies *My eerste Bybel doen en leer boek*, waar die gemeente dit as Bybelverspreidingprojek vir Kleuter/pre-primêre skole aangebied kan word.
- 2.7.3 Die aanmoediging en begeleiding van die Jeug om die *Bybel op selfoon* af te laai en te lees en te deel, veral op die sosiale netwerke om só op hulle vlak van kommunikasie, die Here se opdrag van Matt 28 uit te voer.
- 2.8 Die GKSA is ook andersyds verteenwoordig in die strukture van die Bybelgenootskap deur Streeksverteenwoordigers in elke BSA-streek asook op die Algemene Jaarvergadering en Raad van direkteure (lees hiermee saam 2.9 oor die GKSA se verteenwoordiging in die BSA-Strukture).
- 2.9 Verteenwoordiging van die GKSA by die Bybelgenootskap is aangepas dmv sy *Akte van Oprigting* sodat daar beter geleentheid is vir Kerke:
  - 2.9.1 Twee (2) Streeksverteenwoordigers wat deur elke Streeksinode aangewys word om twee maal per jaar in elke BSA-streek se Streekskomiteevergadering teenwoordig te wees vir BSA terugvoer en dan die inligting terug te voer na die GKSA.
  - 2.9.2 Twee verteenwoordigers van die GKSA se “bestuurstrukture” is vir die eerste keer sitting gegee by die Algemene jaarvergadering en prof Gert Jordaan en dr Wymie du Plessis is voorlopig deur die Deputate Bybel aangewys en het hulle die eerste AJV in Maart 2014 bygewoon. Alle volle lede (ledekerke wat meer as R8 000 per jaar bydra) van die BSA kry geleentheid om pro rata verteenwoordigers aan te wys na die AJV.
  - 2.9.3 Verteenwoordigers kan verkies word deur die AJV om te dien op die Raad (van Direkteure) en so is ds Rodney van Wyk reeds die Voorsitter vir 3 jaar.

**Aanbeveling: Kennis geneem.**

### **3. Sake waaroor die Sinode goedkeurend kennis neem**

- 3.1 Die Sinode spreek sy opregte dank uit tot br Hennie Dekker wat baie kosbare werk verrig binne die BSA en GKSA.
- 3.2 Die Sinode spreek sy opregte dank uit tot die BSA vir die noodsaaklike werk wat hulle verrig om die Bybel, geestelike leesstof, en ander hulpmiddels wat waardevolle gemeentebou kan bewerkstellig, daar te stel, te bevorder en te versprei en om die afgelope 3 jaar die verspreidingsmispunt van 1-miljoen Bybels bereik!

**Aanbeveling: Met dank kennis geneem.**

### **4. Sake waaroor die Sinode besluit**

- 4.1 Die Sinode ondersteun steeds die *Borg 'n Bybel*-projek en moedig gemeentes aan om daadwerklik aandag te gee tov die instelling van die projek as insamelingsprojek vir Bybelverspreiding. Gemeentes word ook bedank vir die positiewe wyse waarop hulle die projek bejeën.
- 4.2 Die Sinode keur die aanwysing van die GKSA se verteenwoordigers na die BSA se AJV, naamlik, prof Gert Jordaan en dr Wymie du Plessis, goed vir verteenwoordiging vir die eerste 3 jaar termyn.

**Aanbeveling: Goedgekeur.**

*Rapporteur:*